

Seën sodat julle seën as erfdeel kan verkry selfs as jy ly (I Pet 3:8-17)

Gebed

O God en hemelse Vader, Seun en Heilige Gees, as ons vandag afsluit met die gedeelte oor heiligmaking en intree in die deel oor lyding, open ons oë om te sien wat in die gedeelte staan. Laat ons U roepstem hoor, verander ons daardeur en seën ons vandag. Verhoor ons gebed. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser.

Amen.

Skrifoordenking

1. Wees mense, wat nie kwaad met kwaad vergeld, maar mense wat seën

8 Ten slotte: Wees *almal eensgesind, meelewend, vol broederliefde, vol ontferming, nederig,*

9 *mense wat nie kwaad met kwaad vergeld of skeldtaal met skeldtaal nie; maar, intendeel, wees mense wat seën*

omdat julle daartoe geroep is,

sodat julle seën as erfdeel kan verkry.

10 Immers, “*wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil beleef — laat hy sy tong weerhou van wat sleg is*

en sy lippe daarvan om bedrog te spreek,

11 *en laat hy afwyk van die kwaad en die goeie doen,*

laat hy vrede soek en dit najaag;

12 want

die oë van die Here is op die regverdiges,

en sy ore is oop vir hulle gebedsversoeke,

maar

die aangesig van die Here is teen dié wat verkeerde dinge doen.” (I Pet 3:10-12)

Petrus begin vers 8 met Ten slotte: Wees *almal*. Ten slotte, beteken hy sluit 'n gedeelte af. I Petrus 1:1-12 het vir ons God se soewereine krag en groot ontferming gewys. Van 1:13 tot hier by 3:12 het hy ons van heiligheid geleer. Eers, dat ons geroep is tot heiligheid, omdat God heilig is. Toe het hy ons gewys ons moet groei in heiligheid en daarna het hy ons voorbeelde gegee van so heilige lewe. Ons moet onderdanig wees aan die owerhede, diensknegte aan hul werkgewers en onderdanigheid in die huwelik. Nou vat hy die gedeelte oor heiligheid saam met: Wees *almal*...

9 *mense wat nie kwaad met kwaad vergeld of skeldtaal met skeldtaal nie; maar, intendeel, wees mense wat seën*

Dis presies die voorbeeld wat hy ons gegee het in I Pet 2:22: *Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat, sodat julle in sy voetspore kan volg. ...23 wat, toe Hy uitgeskel is, nie teruggeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar Homself toevertrou*

Die rede hoekom ons mense moet wees wat seën? *omdat julle daartoe geroep is*,
Wat beteken die “daartoe geroep” nou weer? Die deel in I Pet 2:21 begin ook so: *Julle is
immers hiertoe geroep, want Christus het ook ter wille van julle gely; Hy het vir julle 'n
voorbeeld nagelaat,*

Onthou julle toe ons dit behandel het, het ons gewys die daartoe wys terug op die deel net
voor dit in die sambreel verse van I Pet 2:11-12 wat ons so opgesom het: *Gedra julle goed...
vir die heidene se bekering tot eer van God*

Onthou julle nog wie ons geroep het? *15 Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het heilig is,
moet julle hele lewenswandel heilig wees. (I Pet 1:15)*

Om so anders te kan leef, om te seën die wat jou vervloek, moet jy innerlik verander.
Daarom staan daar in vers 8: *Wees almal eensgesind, meelewend, vol broederliefde, vol
ontferming, nederig,*

Dit kom net deurdie genesing van Jesus Christus (I Pet 2:24). Dan kan ons in sy voetspore
loop, soos Hy gedoen het selfs tot aan die kruis.

2. Seën sodat julle seën as erfdeel kan verkry.

Wat is die gevolg as ons dit doen? Tot nou toe het Petrus herhalend die patroon van die
sambreel vers vir ons gegee. As ons so anders lewe, sien heidene dit en dan kom hulle tot
bekering en so word God vereer. Hier verras hy ons met ‘n gevolg vir onself:

sodat julle seën as erfdeel kan verkry.

In hoofstuk 1 het ons gesien ons het ‘n Lewende hoop op twee dinge: *Erfenis word bewaar
en ons word bewaar.* Dit was dinge wat ons reeds het en juis dit was wat oorgevloei het in
ons hoop en ons verander het na ‘n lewe van gehoorsaamheid. Dit was die inset vir die
verandering. So, hierdie sin leer ons nie ons kan verlossing kry deur goeie werke nie, nee dit
was genade. Hierdie belofte van seën is dus nie dit nie. Dis nie iets in die verlede tyd nie. Dis
iets wat ons kry as ons so anders lewe.

Soos Petrus nou so baie al gedoen het, belig hy die stelling met ‘n aanhaling uit die Ou
Testament. Ons kry dit in Psalm 34:13-17. Dit begin met

10 Immers, “wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil beleef — laat hy
Hier beskryf wat die seën vir jou beteken: Jy kan die lewe liefhê en goeie dae beleef. En dit
terwyl jy swaarkry en beledig word. Hy bevestig dan: Vir dit om te gebeur, jy anders moet
lewe. Hierdie is meestal uiterlik, so alreeds deel van die seën wat jou vervolgers kry:

Laat hy:

*sy tong weerhou van wat sleg is
en sy lippe daarvan om bedrog te spreek,
11 en laat hy afwyk van die kwaad en die goeie doen,
laat hy vrede soek en dit najaag;*

Dan begin Petrus die seën wat ons sal kry beskryf as hy sê:

12 want

die oë van die Here is op die regverdiges,

maar

die aangesig van die Here is teen dié wat verkeerde dinge doen.”

Die aanhaling uit Jesaja 53 (wat Petrus in I Pet 2:21-24 gemaak het) wat ons nog die heel tyd saam met hierdie teks hanteer, wys God ook uit as die een wat regverdig oordeel:

maar Homself toevertrou het aan Hom wat regverdig oordeel; sodat ons, nou dat ons ons sondes afgesterf het, vir geregtigheid kan leef

Ons kan ons berus daarin dat God wel eendag regverdig sal oordeel. Deur Christus se werk kan ons nou in daardie voetspore loop en vir geregtigheid leef. En die eerste seën wat ons dan kry is die Here se oë is op ons!

Die tweede seën is: *en sy ore is oop vir hulle gebedsversoeke,*

Net 'n paar verse tevore, toe die manne aangespreek is, het gebed ter sprake gekom. Daar was dit gebede wat nie verhoor word nie. Ons het toe Joh 4:13 aangehaal en gewys gebede wat verhoor word, is gebede wat gebed word met die doel om God te verheerlik.

13 En wat julle *in my Naam vra*, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun *verheerlik mag word. (Joh 14:13, 2020)*

Sulke verhoorde gebede is 'n groot seën. Johannes stel dit so: *Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.” (Joh 16:23-24)*

Gebede wat fokus op dit waartoe ons geroep is: *Gedra julle goed... vir die heidene se bekering tot eer van God*, word verhoor en dit maak ons blydschap volkome. Wat 'n seën! Dan word Petrus se seën in die begin van die brief vir ons waar: Mag *genade en vrede* in oorfloed aan julle *geskenk* word. God het vir ons genade gegee, dit vloei oor in goeie dade wat ander na God toe lei en Hom so verheerlik. Dit vul ons met volkome blydschap en gee ons die vrede van 'n herstelde verhouding met God.

3. 'n Inleiding tot swaakry

13 Verder, wie sal julle sleg behandel as julle julle *beywer vir wat goed is?*

14 Maar selfs *al sou julle ly*

ter wille van wat reg is,

gelukkig is julle.

Moenie hulle intimidasie vrees, of ontsteld raak nie.

15 Inteendeel, verse 15-16...

17 Dit is immers beter,

as dit *God se wil* sou wees,

dat julle *ly omdat julle goed doen*

as dat julle *ly omdat julle kwaad doen. (I Pet 3:13-14, 17, 2020)*

Van vers 13 af begin Petrus nou die volgende afdeling in sy brief. Hy begin fokus op die hantering van swaakry van die gelowige. Die retoriese vraag: *wie sal julle sleg behandel as julle julle beywer vir wat goed is?* sal mens na die goeie werke en baie seën graag wil antwoord Niemand! Maar Petrus ontken nie dat gelowiges swaakry nie.

Hy sê: *Maar selfs al sou julle ly*

maar dan bevestig hy wat hy al in hoofstuk 1 gesê het: *gelukkig is julle*. Ons kry die seën waarvan hy ons nou net vertel het as die swaakry kom ter wille van wat reg is.

Die troos is in God se soewereiniteit. Ons slaan eers verse 15 en 16 oor wat ons gaan wys wat ons in swaakry moet doen. Vers 17 wys vir ons die swaakry wat ons beleef is God se wil:

*17 Dit is immers beter,
as dit God se wil sou wees,
dat julle ly*

Lyding terwyl ons goed doen, ter wille van wat reg is, bring die seën wat ons sopas gesien het. Lyding omdat ons kwaad doen bring die oordeel.

Moenie hulle intimidasie vrees, of ontsteld raak nie.

*15 Inteendeel, eerbiedig Christus as Here in julle harte,
altyd gereed om julle te verantwoord
teenoor elkeen wat van julle rekenskap eis
oor die hoop wat in julle leef.*

*16 Doen dit egter met beskeidenheid en respek, met 'n goeie gewete,
sodat, wanneer julle beswadder word,
dié wat smalend is
oor julle goeie leefwyse in Christus,
beskaamd kan staan. (I Pet 3:15-16, 2020)*

As ons dan so anders leef, leef ons nie in vrees nie, maar met *eerbied vir Christus as Here in ons harte*.

Ons harte is so vol hoop, die vaste sekerheid oor wat ons het en blydskap van die seën wat ons kry dat ons nie anders kan as om te getuig nie: *Wees altyd gereed om julle te verantwoord teenoor elkeen wat van julle rekenskap eis oor die hoop wat in julle leef.*

Ons deel hierdie hoop nie met 'n gesindheid dat ons beter is nie, maar

Doen dit egter met beskeidenheid en respek, met 'n goeie gewete,

En die rede? Soos oral in die boek: Dat die heidene tot bekering kan kom:

*sodat, wanneer julle beswadder word,
dié wat smalend is
oor julle goeie leefwyse in Christus,
beskaamd kan staan.*

Samevatting

Ons het vandag 4 dinge geleer:

Die eerste twee het gekom uit Petrus se afsluiting oor sy deel oor heiligheid

1. Wees mense
wat nie **kwaad met kwaad vergeld**
maar mense wat seën
2. Seën **sodat** julle **seën as erfdeel kan verkry**.

Die laaste twee uit sy oorgang tot die onderwerp van lyding

3. **Gelukkig in lyding**
as dit is ter wille van wat reg is
4. Eerbiedig Christus
deur julle te verantwoord oor die hoop

Ons is mense wat seën

Ons is daartoe geroep: **want** Christus het ook **ter wille van ons gely**;

Die wat van die **roep is 'n heilige lewe wat lei tot heidene se bekering** tot God se eer

Ons is **geroep** deur God, die Heilige

Om sulke uiterlike goeie dade van seën te kan doen, is 'n innerlike verandering nodig

Dit kom deur genesing deur Jesus Christus en om dan in sy voetspore te volg

By punt 2 het ons gesien Petrus belig dit uit die Ou Testament met

Wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil beleef — laat hy dade van seën leef.

Die seën wat jy ontvang as jy so leef is:

Die oë van die Here **op die regverdiges teen dié** wat verkeerde dinge doen

Die Here se ore **is oop** jou gebedsversoeke

Erfenis en verlossing het jy uit genade ontvang. Vrede en volkome vreugde is die seën op jou dankbaarheidswerke.

Ten opsigte van lyding het ons gesien

Ons kan gelukkig wees in lyding as dit is ter wille van wat reg is

Lydning is **God se wil**.

In die lyding getuig ons oor die hoop wat in ons leef.

en ons **doen dit so dat die heidene daardeur beskaamd staan** (dit tot bekering kan lei...)

So, ons tema vir vandag:

Seën

sodat julle seën as erfdeel kan verkry

selfs as jy ly

4. Oordenking

Ons het so baie wonderlike dinge geleer vandag. Dis amper oorweldigend. Lees weer rustig deur die teks en fokus op wat God vir jou gedoen het en wat die verlossingswerk van Jesus Christus vir jou beteken.

5. Dankbaarheid

Hierdie gedeelte het weereens baie mooi voorbeelde van 'n lewe wat oorvloei van dankbaarheid. Waartoe lei die Gees jou, in jou eie omstandighede, vandag? Skryf minstens een voorneme neer wat jy vandag anders gaan doen.

6. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

Vrede vir jou